

SKRIFLESING

Mark 8:27-38

PREEK

Tema: Die kruis vra 'n prys.

CS Lewis skryf: "Christus sê: Gee My alles. Ek wil nie soseer jou geld of jou werk hê nie. Ek wil jou hê. Ek het nie gekom om jou ou self so 'n bietjie op te knap nie, maar om jou ou sondige self dood te maak. Halfpad is nie ver genoeg nie. Ek wil nie 'n takkie hier en daar regsnoei nie. Ek wil die ou boom afkap. Ek wil nie'n gaatjie in 'n tand stop of die tand kroon nie. Ek wil die slegte tand uittrek. Gee my jousef, Ek wil jou hê."

In Markus 8 het 'n klomp mense agter Jesus aangeloop. Hulle was nuuskierig. Hierdie man doen wonderwerke. Party mense sê selfs dat Hy dalk die toekomstige Joodse koning is.

Petrus is een van die mense wat agter Jesus aanloop. Sy motiewe is nie net duister nie. Uit bewondering vir Jesus wil Petrus nie hê dat Hy ly nie. Uit liefde wil hy Hom teen swaarkry beskerm.

Maar Petrus soek ook 'n Jesus wat hom pas: Jesus wat op aarde met mag en heerlikheid sal kom regeer. Petrus soek 'n militêre Verlosser wat die Jode van Romeinse oorheersing sal kom bevry. Petrus het alles gelos om Hom te volg. Iewers moet dit darem rente oplewer. Petrus wil saam met Jesus heers. Daarom moes Jesus vir hom 'n Koning, 'n triomfanklike Messias wees en nie 'n dienaar wat ly nie. Selfsugtig dink Petrus net aan wat hy wil hê en nie aan wat God wil hê nie. Daarom spreek Jesus hom so sterk aan: "Moenie in my pad staan nie, Satan."

Een van die grootste gevare vir ons as Christene is dat ons Jesus sal volg ter wille van ons eie voordeel. Ons word DDT – doop, dood en troue - Christene wat net saamdrentel ter wille van ons eie voordeel. Ons verval in 'n middelmatigheid en beoefen 'n aanvaarbare godsdienst vol selfsug en gemaksug.

Christen- en dissipelwees is meer as dit. Dit is radikaal. Die kruis vra 'n prys. Ons moet kies: alles of niks. Jesus gee vir ons Sy lewe. Hy vra van ons ons lewe.

1. Die kruis gee vir ons lewe.
2. Die kruis vra van ons ons lewe.

1. Die kruis gee ons lewe

Jesus het in ons plek Sy lewe aan die kruis gegee. Hy sê self dat Hy moet ly, verwerp en doodgemaak word en moet opstaan. Dit is die hart van die evangelie, maar ons gaan nie nou hierby stilstaan nie. Ons weet dit, glo dit, sing dit en bely dit.

In Joh 10:10b sê Hy: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorfloed."

2. Die kruis vra van ons ons lewe

Ons lees in Mark 8:34-35: "34Jesus het toe die menigte mense saam met Sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou."

Christenwees is nie vir sussies nie. Ek moet **myself verloën, my kruis opneem en Jesus volg**. Christenwees is 'n "commitment." Dit is 'n radikale onvoorwaardelike gehoorsaamheid, alles of niks.

2.1 Ek kan nie 'n Here dien wat my pas nie. As ek 'n Here dien wat my pas, breek ek 'n stuk van my kruis af.

Daar is mense wat die Here aanbid sodat Hy hulle kan seën, Hy moet sorg dat hulle niks oorkom. Hy moet hulle gesond hou.

Hulle wil nie dien nie, hulle wil gedien word. Hulle wil saam met en soms selfs oor die Here heers. Hulle wil gesien word. Hulle behoort aan 'n gemeente en woon eredienste by om hul eie behoeftes te bevredig.

Die preek, dominee, sang en gemeente moet wees soos ek daarvan hou, of anders loop ek na waar dit vir my lekker is.

As jy die Here so dien, dink jy nie aan wat Hy wil hê nie, maar aan wat jy wil hê. Jy dink aan wat vir jou gemaklik en aanvaarbaar is. Dan sê Hy ook vir jou: "Moenie in my pad staan nie, Satan."

2.2 Jy moet jou kruis opneem en jouself verloën As dit vir jou oor jouself gaan, breek jy 'n stuk van jou kruis af.

Christenwees vra 'n keuse: "Jesus of ek?"

Verloën beteken selfoorgawe en -opoffering. Dit is om vir die Here te sê: "Ek wil my eie lewe verloor, aan myself sterf sodat U in en deur my kan leef. Dit is om te bid: "Here laat U belange en U wil meer word en myne minder. Jesus ek kies U bo eie gemak, voordeel, werk of geld. Dit gaan nie meer oor my nie, dit gaan oor U. Laat U wil geskied. Laat U Koninkryk kom."

2.3 Ek breek 'n stuk van my kruis af as ek die Here volg soos wat dit my pas.

Om Jesus te volg, beteken om in sy voetspore te volg.

Gevul met die Heilige Gees doen ek die Here se wil. Sy wil is anders as dié van die wêreld. In die wêreld is dit elkeen vir hom- of haarself. Die Here se wil is elkeen vir die Here en jou naaste.

Ons lees in Mark 10:45: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense." Ons is hier om, soos Hy, te dien.

Ons sal spot en verwerping soos Christus ervaar. Ons moet bereid wees om alleen te staan vir Christus. Ons moet bereid wees om, soos Hy, voete te was. Ons moet bereid wees om, soos Hy, te leef en te sterf.

2.4 Ek breek 'n stuk van die kruis af as ek stilbly as die Here deur my wil getuig.

Hoor sy woorde in Mark 8:38: "Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en bekleed is met dieselfde heerlijkheid as sy Vader."

As ek my vir die Here en sy woorde skaam, sal die Here Hom vir my skaam op die oordeelsdag.

Die gevaar is dat ons ons kruis al ligter maak, sodat daar op ou end nie meer 'n kruis is nie, maar net 'n stok oorbly. Daar bly net 'n mensgemaakte, gemaklike, middelmatige godsdiens wat my pas, oor.

Hoor mooi wat beteken dit om Hom te volg as Jesus baie duidelik vir ons in Mark 8:34b-35 sê: ³⁴As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, ³⁵want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou."

Amen